# BASIESE ASSESSERINGSPROSES (BA-PROSES)


## KENNISGEWING VAN DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN DIE SOL INVICTUS 132 KV OORHOOFSE KRAGLEIDING NABY AGGENEYS, NOORD-KAAP

### Kennisgewing word gegee ingevolge Regulasie 41(2) van GNR 326 (07 April 2017) gepubliseer onder artikel 24 en 24D van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (No. 107 van 1998) (NEMA) (soos gewysig) vir 'n aansoekproses vir omgewingsmagtiging (EA) ten opsigte van aktiwiteite geïdentifiseer in terme van GNR 327 en GNR 324 van die 2014-omgewingsimpakstudie- (EIA-) regulasies (soos gewysig in 2017) (EIA-regulasies)

#### AGTERGROND EN LIGGING

Die aansoeker, Sol Invictus (Edms) Bpk (Vendiwell), beplan om 'n 132kV-oorhoofse kragleiding (OHPL) te bou wat ongeveer 23 kilometer lank is naby Aggeneys in die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit in Namakwa Distriksmunisipaliteit van die Noord-Kaapprovinsie, Suid-Afrika. Die voorgestelde OHPL is nodig om die voorgestelde Sol Invictus 1-6 Fotovoltaïese Sonkragaanleg (PVSEF) aan te sluit op die nasionale netwerk per die bestaande Eskom-substasie naby Aggeneys. Die projek sluit die uitbreiding van die bestaande Eskom-substasie en die oprigting van 'n nuwe Eskom-versamelaarstasie op die Sol Invictus PVSEF-terrein in. Die onderstaande tabel en figuur gee 'n oorsig van die ligging van die voorgestelde projek:

| PROJEK | LIGGING | | | STRATEGIESE TRANSMISSIEKORRIDORS |
|---|---|---|---|---|
| **Sol Invictus 132kV Oorhoofse Kragleiding** | – Gedeelte 5 van Plaas 66<br>– Gedeelte 6 van Plaas 66<br>– Gedeelte 14 van Plaas 66 | – Gedeelte 5 van Plaas 62<br>– Gedeelte 6 van Plaas 62<br>– Gedeelte 2 van Plaas 62 | – Gedeelte 1 van Plaas 56<br>– Gedeelte 2 van Plaas 56 | Noordelike Strategiese Transmissiekorridor – gepromulgeer in GN 113 van 2018 |




#### OMGEWINGSAANSOEK

Vanweë die feit dat die voorgestelde OHPL groter as 33kV is en aangesien die OHPL binne 'n Kritieke Biodiversiteitsgebied (CBA), volgens die Noord-Kaapse Kritieke Biodiversiteitsgebiede (2016), val, gee dit aanleiding tot verskeie gelyste aktiwiteite in GNR 327 en GNR 324. Die gelyste aktiwiteitsnommers wat verband hou met die voorgestelde projek word in die tabel hier onder weergegee. As u 'n volledige eksemplaar van hierdie gelyste aktiwiteite wil bekom, kontak die Omgewingsevalueringspraktisyn (EAP); besonderhede hier onder voorsien.

| PROJEKNAAM | LYSTINGSKENNISGEWING | AKTIWITEITE WAARVOOR INGEVOLGE DIE EIA-REGULASIES AANSOEK GEDOEN WORD | | | PROSES |
|---|---|---|---|---|---|
| **Sol Invictus 132kV Oorhoofse Kragleiding** | GNR 327 | 11 | 12 (ii) | 19 | Basiese Assessering |
| | GNR 324 | 12 (g) | 14 (g)(ii) | | Basiese Assessering |

'n Basiese assesseringsproses (BA) sal gevolg word soos uiteengesit in Regulasie 19 van die EIA-regulasies (2014, soos gewysig). Die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) is die bevoegde owerheid ten opsigte van hierdie aansoek om omgewingsmagtiging.

#### REGISTRASIE

WSP Group Africa (Edms) Bpk (WSP) is aangestel as die onafhanklike en toepaslik gekwalifiseerde EAP om die BA-proses te bestuur en te onderneem. Partye wat formeel wil registreer as belanghebbende en geaffekteerde partye ten einde meer inligting te ontvang en/of hulle kommentaar oor die voorgestelde projek te lewer, word versoek om hulle volledige kontakbesonderhede aan die EAP te stuur en hulle direkte sake, finansiële, persoonlike inligting of ander belangstelling in die projek bekend te maak. Enige kommentaar op die voorgestelde projek kan aan die EAP voorgelê word deur met behulp van die besonderhede hier onder uiteengesit. Geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye sal van alle toekomstige projekverwante korrespondensie voorsien word en individueel in kennis gestel word van bykomende geleenthede om aan die proses deel te neem.

Registreer asseblief as 'n belanghebbende en geaffekteerde party by die EAP (besonderhede hier onder) om meer inligting te ontvang.


**Naam: Jennifer Green | Tel: (021) 481 8639 | Faks: (021) 481 8799 |**
**E-pos: Jennifer.Green@wsp.com | Adres: Posbus 2613, Kaapstad, 8000**